Teater-ervaring soos min op Suid-Kaapse plaas

Klein-teater
NIEL
LE ROUX

Terwyl die sonsondergang die westerkim pienk kleur en heldergeel kanola in die briesie lyk of hulle hande klap, is 'n string voertuie in bollende stofwolke op pad teater toe.

Op die teerpad tussen Heidelberg en Witsand wys 'n groot bord met kenmerkende teatermaskers daarop ons die afdraaipad na Dasjesdrift-teaterhuis.

Dit is die geesteskind van die musikus en teatervervaardiger Niël Rademan, wat aldaar grootgeword het.

In die skemerte sien ons, soos tipies in 'n stad, die helder ligte van die teater. Dít en nóg masker-bordjies begelei jou tot op die stoep van dié unieke plaasteater waar Niël en sy suster jou joviaal verwelkom.

Dasjesdrift is 'n pragtige plaasopstal met 'n lang gang en 'n kas vol teater-memorabilia, soos 'n ou Markteater-program met Sandra Prinsloo op die voorblad, en erepennings van een van Heidelberg se teaterlegendes, Jannie Gildenhuys.

In een van die vertrekke skink Niël se pa plaaslike wyn vir boere wat luid oor trekkers en landerye gesels, terwyl hulle op die vertoning wag om te begin.

Die mure van dié sitkamerkroegie is vol geskryf en geteken deur bekende kunstenaars wat al hier opgetree het, onder andere Marion Holm, Charlene Truter, Ollie Viljoen en Valiant Swart.

Verder, tipies plaas, ruik dit na die geurige kos wat Niël se ma gekook het vir omtrent 60 teatergangers wat in 'n groot vertrek by tafels met spierwit tafeldoeke en aalwynblomme voor 'n bloedrooi teatergordyn hul plekke inneem – vol opwinding in afwagting op die teater om te begin.

Lize Beekman is met haar rustigheid en soel stem beslis die mees gepaste kunstenaar om in hierdie vredige plaasteaterstemming op te tree.

Die sterk kolligte van die verhoog het al die goggas van die omgewing nader gelok, wat in jou drankie val en jou oral op die lyf kielie. Maar ons is op 'n plaas besig om teater te belewe, en dus is vlieënde insekte deel van die pakket ...

Al die klakouse wat so te kere gaan oor die dood van die teater, kan gerus Dasjesdrift besoek om weer moed te put uit die groot ondersteuning wat die plaaslike inwoners aan hierdie plaasteater bied.

Dan was daar ook nog ander besoekers uit die Kaap vir wie hierdie teaterervaring op die plaas 'n hoogtepunt van hul jaar se teaterbesoeke was.

Of jy nou 'n teaterliefhebber is of 'n bewonderaar van 'n spesifieke kunstenaar wat daar optree, of bloot net iemand wat nostalgies raak oor 'n plaas, beplan gerus jou volgende plattelandse wegbreeknaweek om saam te val met 'n aanbieding op Dasjesdrift, wat beslis *famous* geword het soos Zorada Temmingh drie jaar gelede as die eerste optreder hier voorspel het.

En dink net hoe wonderlik sal 'n plaasteaterroete wees as meer mense in die toekoms Niël se voorbeeld sou volg!

■ Op 25 Oktober is die volgende aanbieding *Appassionata*, met Johann Nel en Tertia Visser-Downie. Bel Niël Rademan om plek te bepreek by ☎ 084 444 9238.

■ **NIEL LE ROUX IS DIE UITVOERENDE HOOF VAN DIE SUIDOOSTERFEES.**

Di, 30 Sept, KUNSblad.

uit die kontrei

samarie smith

TEATERHUIS IN HEIDELBERG 'N MOET-BESOEK

Groot stem, groot hart

Tussen Witsand en Heidelberg staan die pragtige Dasjesdrift-teaterhuis. In die gange resoneer die groot stem van Neil Rademan.

As die gehoor iets ryker word deur die vertoning is Niël tevrede.

Die teater is klein en intiem met 'n huislike atmosfeer.

In sy element praat hy deur musiek met sy gehoor wat vasgenael sit en luister. Foto: SAMARIE SMITH

Regisseur, musikus of vervaardiger – dié krulkop-plaasseun Niël Rademan het 'n gawe. Nie net om die die kreatiewe dier in mense raak te sien en te verstaan nie, maar om te weet hoe hy musiek kan gebruik om met elkeen persoonlik te praat.

Die gaste arriveer stiptelik en Niël groet feitlik elkeen op die naam.

"Teen R150, vertoning en ete ingesluit, moet dit 'n stokperdjie wees," sê 'n omstander, "sy stem alleen is duisende werd!"

"Lewe op die platteland gaan nie meer net oor rugby nie, dis die fynere dinge wat saak maak," erken 'n stoere boer.

Niël was 'n tiener toe sy pa, Alfred, Dasjesdrift in Heidelberg gekoop het en die huis, wat in die destydse rojale styl van die 1930's gebou is, sou later sy platform word om die kunste na die platteland toe te bring.

"Ek is dol oor die idee van 'n plaas. Dit is idillies en wonderlik, maar my soort werk laat dit nie toe om permanent hier te woon nie.

"Dit was my ma Cecil se idee om die huis te restoureer en in 'n teater te omskep. Voor dit het ek die meubels uit my slaapkamer gedra en sommer daar kabaret gebou," sê Niël laggend.

Hy bied een keer per maand 'n produksie op Dasjesdrift aan en sy ma kook 'n storm los vir die gaste. Die verhoog is op 15 April 2005 deur Zorada Temmingh en Sanat Allen geopen.

Fisantekraal, Niël se eerste solovertoning hier, wat ook op CD beskikbaar is, gee mens steeds hoendervleis wanneer jy aan die liedere dink.

"My oë soek daardie emosionele reaksie. Sukses kan nie met applous gemeet word nie. 'n Verandering moet in hul lewe plaasvind."

Niël se kunstenaarsiel kan ook nie rus nie. Hy wil sy gaste elke keer 'n nuwe ervaring gee.

"Die manier wat ek tussen genres beweeg maak dit baie gewild en toeganklik – die plek waar populêre en klassieke musiek ontmoet. Op dié manier is dit nie net 'n teater waarvan die gehoor verwyder is nie – ons hou konsert!

"En moenie dink die boere is niks gewoond nie – hulle is aan die beste gewoond en sal gou agterkom as ek hulle flous. Dus moet ek maar elke maand gaan sit en dink waarmee ek hulle sal beïndruk!"

Die meubels in die huis word rondgeskuif om elke besoek "nuut en organies" te hou. Die plaasgevoel is gesetel in die houtvloere, die ou en onpretensieuse meubels, antieke kassies en uitrustings, kompleet met die oorspronklike vuurherd in die kombuis.

"Ek en my ma versamel goed en voeg gereeld iets nuuts by. Mense moet dadelik voel hulle stap 'n kreatiewe ruimte binne."

Sy laaste sangvertoning op Dasjesdrift, *Krismis, Klingels en Kaberet*, is deur Tertia Visser-Downie begelei.

Deur poësie word die drome van 'n siek vrou om Kersfees met haar gesin te wees, tot die eenvoudige gebed van 'n kind, metafore van wat ons elkeen vir Kersfees wil hê. Vrede. Dit is nie die gewone Kersgesang nie, maar sy stem, met Tersia op die klavier, vou soos vingers om jou hart om die plaaslike boodskap vir elke Suid-Afrikaner te bring.

"Daar is 'n soort ouwêreldsheid in Niël," vertel Tersia. "Die plaaskind wat altyd terug plaas toe kom. Huis toe."

Vir Neil staan sy liefde vir teater onder die sambreel van woordkuns – van sy regie van die bekroonde kinderproduksies en gemeenskapsprojekte tot die vervaardiging van die Kaapse kabaret wat volgende jaar by *Die Burger* se Suidoosterfees in die Kunstekaap te sien sal wees.

Dit is vir hom 'n voorreg om met Zenobia Kloppers en Charlene Truter saam te werk.

"Ek bewonder Rika Vermeulen wat die begeleiding doen. Sy is die beste. Dit is asof sy nog altyd daar was.

"Niemand is losmaakbaar van die verlede nie en ons is almal ewe waardig – dit is die boodskap van die Kaapse kaberet."